

Donderdag, 17 Mei 2018

Hartsgesprek tussen God en Jona

Teks: Jona 4

1. Van tyd tot tyd nooi God ons in tot 'n diep 1-tot-1 gesprek. Dan doen Hy 'n oudit van ons geloofsreis om te bepaal of ons op die regte pad is en of ons agenda in lyn met Sy plan is. In Jona 4 vind ons so 'n gesprek. Dit is 'n dialoog waarin 'n openhartige, eerlike gesprek plaasvind. Maar God het in die gesprek die laaste sê. Ons kan die gesprek tussen God en Jona vergelyk met die gesprek wat in die spreekkamer plaasvind wanneer ek vir 'n periodieke ondersoek my dokter besoek. Die doel van die gesprek is om seker te maak dat alle liggaamsdele in orde is. Vind hy 'n fout behandel hy dit – medisinaal of chirurgies. As hy bevind dat leefstyl-aanpassings noodsaaklik is, sê hy dit sonder om te skroom: Jy drink/rook te veel. Jy sal meer moet oefen. Vermy die of daardie soort kos ens. Die besoek is nodig vir die pad vorentoe, om kwaliteit lewe te kan geniet. Wanneer die skepper ons dus innooi vir 'n hartsgesprek toets en evalueer Hy ons kop (=denke), hart en gedrag. Hy skandeer ons deur middel van Sy Woord onder die skerp lig van die Heilige Gees. Dit gebeur in 'n erediens, my stiltetyd, 'n Bybelstudiegroep, wanneer ek na 'n mooi lied luister, 'n goeie flieliek kyk of sommer in die natuur of in 'n krisis is. Dit is daardie hoendervleis oomlik wanneer jy ervaar dat God nou baie persoonlik net met jou praat.
2. Vandag luister ons in op so 'n hartsgesprek tussen God en Jona (=kerk). Verbeel jou jy sit met oorfone op en kyk deur 'n eenrigting glas en sien en hoor alles wat in dié spreekkamer gebeur. Die konteks van Jona 4 is as volg. God het Jona opdrag gegee om die mense van Nineve te waarsku dat 'n groot ramp hulle binne 40 dae gaan tref. Eers wou hy nie, maar gaan uiteindelik teen sy sin. Die Nineviete het so groot geskrik dat hulle in sak en as om vergifnis en genade smeek. Dan herroep God Sy voorneme om hulle te straf. Hy betoon genade, vergewe hulle en skryf hul sondeskuld af. Nou is Jona baie ontstel. Hy is kwaad. En die gesprek in die “spreekkamer” volg. Lees **Jona 4:1**.

God “Jona Ek sien jy is baie ontstel. Waarom?”

Jona: “Ek is baie meer as net ontstel. Ek is kwaad. Ek is kwaad vir U, want U stuur my om 'n ramp oor Nineve aan te kondig en nou het U besluit om die ramp te herroep. Onthou U dan nie hoe hulle in 722vC ons mense in Ballingskap weggevoer en soos slawe in hul diens geneem het nie. Hulle verdien al die plaë van Egiptpte. Die Vloekpsalms se oordeelswense is dit wat hulle nodig het. Nie genade en “Amazing Graze” nie.

God: Maar Jona hulle het hul bekeer. Hulle het regtig berou oor alles wat hulle in die verlede gedoen het. Hulle almal vas. En dit is nie voorgee nie. Ek sien hulle harte. Dit is gebreek en stukkend. Hoe kan Ek dan kwaad bly en voortgaan om hulle te straf. Jy ken tog my hart. Jy het dit self bely: U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik of van die straf wat U aankondig wanneer mense hul so tot U bekeer (4:3). Jona die tyd vir oordeel en straf is verby. Dit is feestyd in die hemel en so moet jy ook bly wees dat nie een nie, maar 120 000 mense hul tot my bekeer het. Hulle wat ver van My af geleef het, het nou naby gekom (Efes. 2:13). Jy moenie kwaad wees nie. Dit pas nie by jou as profeet nie.

Jona: “Ek glo glad nie dat al hul gehuil, berou, gevas en bely eg is nie. Ek ken mense. Dit is net 'n kwessie van tyd dan is hulle weer terug waar hulle was – net so sleg en nog erger. En wanneer dit gebeur, sal U moet erken: Jy was reg Jona. Ek is jammer. Ek was te goed gelowig.

God: “Maar Jona.....”(En nog voordat God 'n woord verder kon praat, ruk Jona hom op en stap weg....)

Jona is toe uit die stad uit. Hy het oos van die stad gaan sit en vir hom 'n skerm gebou. Hy het daaronder in die skaduwee gaan sit om te sien wat in die stad gebeur. (**Jona 4: 5**)

Maar die Here is agterna. Weer los hy Jona nie uit nie. Nou bedink die Here 'n baie slim plan. Hy wil Jona help om homself te sien en te hoor soos wat God hom sien/hoor – sy

denke, hart en gedrag deur God se oë. Met die eerste oogopslag besef God daar is 'n groot skroef los met Jona. Hy is geestelik ernstig siek. Lees Jona 4: 6-8

Toe laat die Here God 'n komkommerplant opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om skaduwee te gee vir sy kop en om hom van sy misnoeë te bevry. Jona was baie bly oor die komkommerplant.

Die volgende môre met dagbreek laat God toe 'n wurm kom, en dit het aan die komkommerplant gevreet, sodat dit verdroog het.

Toe die son opkom, het God 'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat waai. Die son het vir Jona op sy kop gestee, en hy het baie swak geword en gewens om maar liever te sterf. Hy het gesê: "Dit is vir my beter om te sterf as om te lewe."

God: "Nou waarom lyk jy vanmôre so ongelukkig. Lyk of jy kwaad is. Wat het gebeur?"

Jona: Ek is kwaad vir die wurm wat my komkommerplant vannag gevreet het. Vanoggend is die plant vrek. Opgedroog. En hier sit ek en vergaan van die hitte. Ek wens die wurm het eerder gevrek. My arme komkommerplant. Ek is so jammer dat hy opgevreet is."

God: **Jy = besorg oor die komkommerplant** wat jy nie **geplant, natgemaak en versorg** het nie. Dit is net so vinnig dood as wat dit opgekom het – binne 'n enkele dag. Ek kan sien dat jy jammer is vir die plant en kwaad is vir die wurm. Miskien sal jy nou verstaan waarom Ek die Nineviete vergewe het. **Net soos** jy oor 'n eendagplant **voel, voel ek oor mense wat sonder My verlore gaan**. Maar meer nog: Jy't nie die eendagplant geplant, natgemaak of versorg nie. Ek het vir geslagte **my son laat skyn oor Nineve**. Ek het vir eeue **water uit die hemel voorsien** vir hul **boerdery**. Ek het die **diere geskep waarvan hulle vleis, wol, melk kry**. Ek het **elkeen van hulle na My beeld geskep** met die doel om My te eer, te dien. Maar hulle is **blind** – hulle ken nie die verskil tussen **reg en verkeerd nie**. Hulle besit **nie 'n Bybel nie** en het geen sendeling nie. Daar is geen Kerk of Bybelstudiegroep waar hulle van My kan leer en te wete kan kom wat reg/verkeerd is nie. Almal is **verlore** en My **dag van afrekening kom nader**. **Ek is jammer vir** hulle. Ek wil hulle nie in hul onkunde straf nie. Ek wil hul 'n kans **gee om My te leer ken** – my hart, my **genade, liefde, barmhartigheid**, my **plan** vir hulle. Jona Ek het **jou in my diens geroep** om die **boodskap** met hulle te deel. En eers **vlug** jy weg. Nou na 'n lang gesukkel, het jy uiteindelik gegaan, maar **teen jou sin – onwillig**.

Nou skandeer God Jona se brein, toets sy hart en evalueer sy gedrag. Die uitslae kom een vir een en verskyn op die skerm. En God, die Spesialis, interpreteer die uitslae een vir een.

God: A Jona ek bemerk 'n ernstige probleem met jou denke. Jy sien ons twee dink heeltemal verskillend. Vir My is alle mense gelyk. Vir jou nie. Ek dink nie meer aan die foute wat mense gemaak het as hulle hartgrondig berou het en om vergifnis smeek. Jy kan nie vergewe en vergeet nie.

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die weselike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Rom 12:1).

B Jona maar daar is nog iets. Ek sien dat jou gesindheid ernstige inflammasie het. Ek kan dit behandel sodat dit gesond soos dié van my Seun Jesus Christus kan wees. Want jy sien Hy is 'n Koning, maar was bereid om dienskneg te word. 'n Leermeester wat Sy leerders se voete gewas het, 'n Herder wat Sy lewe vir Sy skape afgelê het. Dit is die standaard normale gesindheid van iemand. Jou hoogmoed en geestelike meerderwaardigheid sal moet verander.

Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis (Fil 2:5-8).

C En laastens: Die uitslag van jou gedrag het so pas deurgekom. Daar is rooi ligte. Hier is my voorskrif:

Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.

Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.

Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.

Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring,

afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig.

Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie (Gal 5:16-26).

Jona jy is my profeet. Ek kies om jou weer 'n keer te stuur. Maar dan sal jy jou moet regruk.

- **Gee** die genade wat jy ontvang het aan – ook vir Nineve
- Ek't jou in die vakature wat ontstaan het as profeet aangestel. Wees 'n sielewenner/dissipelmaker.
- Jy't jou jare gelede ywerig daartoe verbind om as profeet onder jou eie mense op te tree. En jy het. Nou is dit tyd vir 'n herverbintenis, want Nineve is vakant.
- Reik uit na buite met dieselfde passie as wat jy oor al die jare onder jou eie mense gearbei het. Dra my lig na die duisternis daar buite. Bring hoop en lewe. Jy's mos 'n profeet.

Nou is Jona doodstil. En die draaiboek eindig talleurstellend met 'n oop vraag: Wat het toe met Jona gebeur? Het sy denke, gesindheid en gedrag toe wel verander?

Die antwoord op die vrae is in my en jou hande, want die verhaal van Jona in die spreekkamer was toe al die tyd die hartsgesprek wat God met my en jou geïnisieer het. Kies ek voortaan die Tarsispad of gaan ek nou gewillig die Nineve-roete in Jesus se voetspore volg?

AMEN.

